Mediavrystelling

Suid-Afrika, Kaapstad 29 November 2017 – Naspers Beperk (JSE: NPN; LSE:NPSN) het vandag sy resultate vir die ses maande tot 30 September 2017 aangekondig

STERK GROEI, MEESTAL TE DANKE AAN E-HANDELSONDERNEMINGS EN TENCENT

Naspers het vandag sy finansiële resultate vir die ses maande tot 30 September 2017 aangekondig. Omset soos gemeet op die grondslag van ekonomiese belang, insluitend die proporsionele bydrae van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings, het jaar tot jaar met 33% tot VS$9.0mjd toegeneem (of 39% as verkrygings, verkope en wisselkoersbewegings uitgesluit word). Ondernemings buite Suid-Afrika het 82% van omset bygedra, teenoor 80% ’n jaar gelede.

Kernwesensverdienste het met 65% tot VS$1.5mjd gestyg. ’n Bemoedigende ontwikkeling is die laer ontwikkelingsbesteding jaar tot jaar, op beide ’n gekonsolideerde grondslag en die grondslag van ekonomiese belang. “Ons het sterk presteer gedurende die eerste ses maande van die finansiële jaar,” het Naspers se voorsitter, Koos Bekker, gesê. “E-handel het sy omsetgroei versnel en Tencent het weereens uitstekende resultate behaal. Videovermaak in Suid-Afrika was bestendig en in Afrika suid van die Sahara is verliese jaar tot jaar gestabiliseer, ondanks die voortslepende swak makro-ekonomiese klimaat.”

Naspers rapporteer in Amerikaanse dollar (VS$) - die finansiële prestasie van die ondernemings word in hul funksionele geldeenhede gekonsolideer en in VS$ omgereken. Waar toepaslik, word prestasie in plaaslike geldeenhede en aangepas vir verkrygings en verkope tussen hakies aangehaal ná die ekwivalente maatstaf wat kragtens Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde gerapporteer is.

Omset in die internetsegment, wat nou 77% van groepomset verteenwoordig, het met 42% (52%) gestyg tot VS$6.9mjd. Handelswins was 47% (61%) hoër, danksy ‘n gesonde hupstoot

deur Tencent en kleiner handelsverliese in verskeie e-handelseenhede. “Groei in e-handel was te danke aan goeie prestasie in al die segmente, wat aanhou om hul skaal uit te brei. Die geklassifiseerdeadvertensie-onderneming het sterker vastrapplek gekry en, met uitsluiting van die addisionele belegging in letgo, het die besigheid gedurende die verslagdoeningstydperk winsgewend geword,” het uitvoerende hoof Bob van Dijk gesê. “Oor die afgelope ses maande het ons ook ons aanlynkosaflewering-voetspoor verder uitgebrei met wesenlike beleggings in Delivery Hero en Swiggy.”

Die videovermaak-onderneming het in die geheel matige intekenaargroei aangeteken en die totale intekenaarbasis het op 30 September 2017 op 12.2m huishoudings gestaan. Hierdie segment het omset van VS$1.8mjd gerapporteer, wat 8% (7%) hoër is as die vorige jaar, en handelswins het met 4% (3%) gestyg tot VS$234m. In Suid-Afrika het DStv steeds gesonde wins en kontantvloei getoon, ten spyte van ‘n verswakkende ekonomiese agtergrond. Die samevoeging van die groep se Showmax-aanbod met DStv Now toon bemoedigende vroeë resultate. In Afrika suid van die Sahara trotseer ons steeds swak makro-ekonomiese toestande en veral swak geldeenhede. Met die aanname dat daar geen verdere beduidende valutaswakheid sal wees nie, dat die onderneming sy intekenaargroei-momentum behou en dat kostebeheer deurentyd toegepas word, sal die groep op dreef wees om die besigheid weer winsgewend te laat word in die jare vorentoe.

Media24 het bevredigende resultate behaal. Die strukturele daling in tradisionele inkomstestrome is teengewerk deur beduidende kosteverminderingsinisiatiewe in die hele maatskappy. Die groei-ondernemings, vernaamlik die e-handels- en digitalemedia-inisiatiewe, het sterk gegroei en 8% van die totale omset bygedra. Die segment fokus steeds op die oorskakeling van die gehoor na digitale formate.

Ekwiteitsverantwoorde beleggings het VS$1.7mjd tot kernwesensverdienste bygedra, ’n verbetering van 52% op ’n jaar-tot-jaar-grondslag. Gekonsolideerde vrye kontantuitvloei het VS$96m beloop. Die balansstaat is gesond, met netto skuld van VS$140m, wat hefboomfinansiering van slegs 1% weerspieël.

“Die groep sal voortgaan om skaal uit te brei om sy e-handelsbesigheid winsgewend te laat word en kontant te skep,” het finansiële hoof Basil Sgourdos gesê. “Verder sal makro-uitdagings in die meer volwasse ondernemings deur streng kostebeheer en volgehoue innovasie en herposisionering van ondernemings bestuur word om toenemende mededinging deur globale spelers teen te werk. Die groep sal ook voortgaan met beleggings in ontluikende ondernemings wat toekomstige groei stukrag kan gee,” het hy bygevoeg.

Vir meer inligting, kontak:

Meloy Horn, Hoof van Beleggersverhoudinge
Telefoon: +27 11 289 3320
+27 11 289 4446
Selfoon: +27 82 772 7123

Basil Sgourdos, Finansiële Hoof
Telefoon: +852 2847 3365
Selfoon: +852 9080 5155

Die volledige resultate is op Naspers se webwerf beskikbaar by http://www.naspers.com.

BELANGRIKE INLIGTING

Hierdie mediavrystelling bevat vooruitskouende verklarings soos omskryf in die Verenigde State se “Private Securities Litigation Reform Act” van 1995. Woorde soos “glo”, “verwag”, “voorneem”, “beoog”, “wil”, “beplan”, “kan”, “mag”, “streef” en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sulke uitdrukkings te identifiseer nie. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunte en verwagtings verteenwoordig, kan verskeie risiko’s, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Dit sluit baie faktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie negatief kan beïnvloed. Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouende verklarings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeurtenisse of andersins – by te werk of te wysig nie. Beleggers

word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouende verklarings wat hierin vervat is nie.

- EINDE -